# 17 *Dinsdag*

**SKRIFGEDEELTE: HANDELINGE 6:1-7**
**FOKUSGEDEELTE: HANDELINGE 6:3, 5**

## Timon was deur die Heilige Gees diensbaar vir sy medemens

'n Naam wat ons selde in die Bybel raaklees, is die naam Timon . Die rede hiervoor is dat ons slegs op een plek van hom lees. In Handelinge 6:5 lees ons dat hy een van die eerste diakens in die Christelike kerk was. Ons weet hy was 'n getroue gelowige wat die gawe gehad het om ander te dien. Uit al die gelowiges is hy een van die ses wat geken was om vol van die Heilige Gees sy medemens te dien.

Een van die noodsaaklikste dienste wat nie net die kerk nie, maar die mensdom in die algemeen nodig het, is diensbaarheid. Hierdie nood aan diensbaarheid begin by dié wat weerloos en alleen is. In Handelinge was die "weduwees in die daaglikse versorging afgeskeep". Natuurlik is dit vandag geensins anders nie. In ons daaglikse werksaamhede mis ons hulle wat alleen is. Om alleen in die lewe te wees, is sekerlik die slegste ervaring wat daar is.

Die groot opdrag van hierdie gedeelte was nie net om diakens te roep nie, maar dat gelowiges moet leer om diensbaar te wees.

Hoe word ek diensbaar? Deur die werking van die Heilige Gees in my (Gal. 5:) Sonder dat Timon vol van die Heilige Gees was, sou diensbaarheid maar moeilik gekom het. Wat sou Timon se diensbaarheid behels het? Die fondasie van diensbaarheid is liefde vir ander. Diensbaarheid is 'n betuiging van my liefde vir ander. Paulus skryf: "*Dien mekaar in liefde*" (Gal. 5:13).

In ons selfgesentreerde samelewing blyk die idee van diensbaarheid uitgedien te wees. 'n Lewe van diensbaarheid aan ander was egter nog altyd noodsaaklik. In elke professie is dit dié met 'n opregte begeerte om ander dien wat die hoogste hoogtes bereik. Die meeste merkwaardige dokters beskou hulle werk as 'n roeping om die siekes te dien. Die beste politieke leiers beskou hulleself as "openbare dienaars".

Die lewe is vol geleenthede om die liefde van Christus deur diensbaarheid te bewys. Moet nie dat die geleentheid jou vandag verbygaan nie.

*Ds. GJ (Gerhard) Niemann (Cullinan)*